# DIE ANDERSDENKENDE AFRIKANERS IN DIE NASIONALE PARTY AS DIE VOORLOPERS IN DIE AFTAKELING VAN APARTHEID, 1949-1966

**Annie Helena van Wyk**[1]

***Summary***

*The establishment of a democratic South Africa in 1994 was the result of many events that took place over a period of forty-five years during which some Afrikaners in the National Party (NP) changed their political direction. Dissentient Afrikaner nationalists, who since 1949 expressed their dissatisfaction with the policy of apartheid, set the tone for the subsequent era of enlightened political thought in 1966 when the 'Verligtes' in the NP came into existence. The 'verligte' influence in the NP caused many reforms of the apartheid policy to be implemented which ultimately led to the establishment of a democratic South Africa in 1994.*

## 1. INLEIDING

Die totstandkoming van 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 was hoofsaaklik die gevolg van 'n reeks gebeurtenisse, wat oor vyf en veertig jaar heen gestrek het, waartydens sommige Afrikaners binne die Nasionale Party (NP) se denke verander het. In 1949, 'n jaar na die bewindsaanvaarding van die NP, het daar reeds 'n ongemaklikheid, twyfel en kritiek oor die moraliteit van apartheid in die geledere van die sogenaamde andersdenkende Afrikaners in die Party begin posvat. Dié andersdenkende Afrikaners was die voorlopers van die verligte Afrikaners wat in 1966 in die NP na vore getree het. Die verligtes het op hulle beurt die weg vir hervorming gebaan wat in 1994 bygedra het tot die ontstaan van 'n demokratiese Suid-Afrika.

Die andersdenkendes en ook later die verligte Afrikaners het gepoog om die apartheidstelsel van binne te hervorm deur lidmaatskap van die NP te behou. Ondanks die NP se foute en tekortkominge het hulle geglo dat dit die enigste

[1] Departement Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika. E-pos: vwykah@unisa.ac.za.

regering was wat die land na 'n beter politieke bedeling kon lei. Hierdie kerngroep Afrikaners het Afrikanernasionalisme deurgaans gekoester en gepropageer.[2]

## 2. DIE AARD EN ONSTAAN VAN DIE ANDERSDENKENDE AFRIKANERS

Die andersdenkende Afrikaners het die aanvanklike implementering van apartheid as NP-beleid entoesiasties aanvaar en teen kritiek verdedig. Heelparty van die intellektuele andersdenkendes, tesame met **Die Burger** en die Kaapse NP, was ten nouste betrokke by die vorming en samestelling van die apartheidsbeleid. Apartheid was nie vir hulle 'n doel op sigself nie, maar eerder 'n metode om die Suid-Afrikaanse politiek op so 'n wyse te struktureer dat dit Afrikanerhegemonie sou bedek en verskans. Apartheid was dus 'n instrument om Afrikanernasionalisme te bevorder en te verwesenlik; daarom het die samelewing vir die Afrikanernasionaliste nie uit individue of rasse bestaan nie, maar eerder uit lede van etniese groepe, wie se hoogste trou by die betrokke groep gelê het. Die Afrikaners was van oortuiging dat hulle nie sonder die bevoorregte posisie van oorheerser as aparte volk kon oorleef nie en daarom kon hulle nie hulle bevoorregte posisie behou sonder om die verskillende rasse apart te laat ontwikkel nie. Die apartheidsbeleid was bedoel om aparte ontwikkeling van swartes en blankes te verseker sodat elke rassegroep die geleentheid gebied kon word om in hulle eie gebiede as selfversorgende volkseenhede onder voogdyskap en heerskappy van die Afrikaners te groei.[3]

Die groep Afrikaners wat as andersdenkende Afrikaners getipeer is, het egter mettertyd toenemend binne die NP krities begin word oor die onderdrukkende en negatiewe aspekte van apartheidswetgewing wat tot stand gekom het onder die NP-beleid van "voogdyskap" en "baasskap", onderskeidelik onder premierskap van DF Malan (1948-1954) en JG Strijdom (1954-1958). Die andersdenkende Afrikaners het egter steeds politieke integrasie met die swart meerderheid afgekeur. Dit sou volgens hulle die vernietiging van die blanke minderheidsgroep beteken. Tog is hulle geraak deur die gevolge van die praktiese toepassing van apartheidswette wat die gedwonge skeiding van swart, kleurling- en Indiërgemeenskappe op etniese en kulturele gebied tot gevolg gehad het, soos die emosionele pyn en vernedering wat die apartheidswette op sosiale en ekonomiese vlak veroorsaak het. Dié wette was

2 A van Niekerk, "Afrikanerskap: ten slotte, of opnuut? Nabetraging van Andre du Toit se 'Die sondes van die vaders'", **South African Journal of Philosophy** 4(19), 2000, http://web12.epnet.com/citation.asp, s.a. Access: 2002-08-12, p. 2.

3 H Giliomee en L Schlemmer, **From apartheid to nation-building** (Kaapstad, 1993) pp. 41-4; H Giliomee en H Adam, **Afrikanermag: Opkoms en toekoms** (Stellenbosch, 1981), p. 89; H Giliomee, "The growth of Afrikaner identity", in H Adam en H Giliomee, **The rise and crisis of Afrikaner power** (Kaapstad, 1979), p. 117.

vir hulle verteenwoordigend van ongeregtigheid en dit het daartoe aanleiding gegee dat hulle die moraliteit van apartheid begin bevraagteken het.[4]

Beide die joernaliste Piet Cillié, redakteur van **Die Burger** (1954-1977) en Schalk Willem Pienaar, redakteur van **Rapport** (1965-1970) en **Beeld** (1974), het 'n belangrike rol in die vorming van verligte politieke denke van die andersdenkende Afrikaners in die NP gespeel. Hulle het die Afrikaners tot aanpassing in 'n moderne en veranderde wêreld, waarin die ou koloniale ryke besig was om ineen te stort, aangespoor, indien hulle in Afrika wou oorleef. Hiermee het hulle na die opkoms van Afrikanasionalisme en dekolonisasie in die res van Afrika, wat na die Tweede Wêreldoorlog voorgekom het, verwys. Pienaar het na sy besoek in 1949 aan gebiede in Afrika, waar hy swart nasionalisme van naderby ervaar het, gewaarsku dat dit spoedig na Suid-Afrika kon uitbrei. Daarom het Cillié en Pienaar die Afrikaners in die NP tot selfondersoek aangemoedig oor die party se behandeling van die swart meerderheid in die uitvoering van die apartheidsbeleid. Hulle kon nie glo dat dit dieselfde Afrikaners was wat kort tevore 'n lang, bloedige stryd teen Britse imperialisme gevoer het, wat nou die swartes van hulle eer en vryheid beroof het nie.[5]

In 1955 het 'n groep andersdenkende Afrikanerintellektueles, wat wyd as gerespekteerde nasionaliste bekend was, in die openbaar teen die verwydering van kleurlingkiesers van die gemeenskaplike kieserslys geprotesteer. In die groep was onder andere BB Keet, teologiese professor aan die Universiteit van Stellenbosch (1920-1959); LJ du Plessis, akademikus aan die Potchefstroomse Universiteit (1918-1946 en toe weer 1952-1968); en dertien akademici, verbonde aan die Universiteit van Pretoria. Laasgenoemde groep het 'n petisie teen die voorgestelde wet aangaande die herstrukturering van die Senaat onderteken en aan die pers oorhandig. Hulle het verklaar dat hulle protes teen die stap op konstitusionele en morele gronde gebaseer is. Dosente aan die universiteite van die Witwatersrand en Rhodes het hulle voorbeeld gevolg. Die NP-regering wat eendersdenkendheid vereis het, het onverdraagsaamheid teenoor die andersdenkendes in eie geledere geopenbaar. Die genoemde protesteerders, wat in die openbaar kritiek teenoor die amptelike beleid en ideologie uitgespreek het, het hulle in smeerveldtogte deur EH Louw (Minister van Buitelandse Sake, 1955-1963) in Afrikaanse dagblaaie vasgeloop. Hulle het die uitsluiting uit georganiseerde Afrikanergeledere beleef. Die groep se geloofwaardigheid het meedoënloos onder skoot gekom en daar is gesuggereer dat hulle met volksverraad besig was. Die andersdenkende Afrikaners is as liberaalgesind be-

4 FA van Jaarsveld, **Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle** (Kaapstad, 1979), p. 11; HJ du Bruÿn, **Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding**, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, pp. 66 en 67; Giliomee en Schlemmer, p. 64; FA Mouton, "'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid", **Historia** 45(1), Mei 2000, p. 152.

5 Mouton, pp. 149, 152 en 176; S Pienaar, **Getuie van groot tye** (Kaapstad, 1979), p. 35.

stempel en as opswepers teen die regering uitgekryt. Andersdenkende Afrikaners is deur die optrede van die regering duidelik laat verstaan dat kritiek en protes eerder binne eie geledere uitgespreek moes word en nie in die openbaar nie.[6]

NP van Wyk Louw, 'n akademikus en bekende Afrikaanse letterkundige wat 'n belangrike bydrae gelewer het tot die bevordering van die Afrikaanse taal, het geweier om te aanvaar dat wetgewing nodig was vir die oorlewing van Afrikaners. Volgens hom het dit net 'n dieper wig tussen die kleurling- en Afrikaner-gemeenskappe ingedryf. Hy het nie die beleid in die openbaar gekritiseer nie, maar daarop gereageer met gedagtes oor Afrikaneroorlewing in 'n opstel getiteld "Kultuur en krisis" wat in 'n populêre Afrikaanstalige tydskrif, **Die Huisgenoot** van Augustus 1952, gepubliseer is. Dié gedagtes sou by die Afrikaners oor die volgende vier dekades bly spook en telkens in debatte, veral in die kringe van anders-denkende Afrikaners, opgehaal word. Vir hom was Afrikaneroorlewing alleenlik moontlik op grond van morele waardes. Hy het gewaarsku teen die grootste versoeking waarvoor 'n volk te staan kan kom, naamlik deur te glo dat blote voortbestaan verkieslik is bo die "voortbestaan in geregtigheid".[7] Vir hom was blote voortbestaan iets haatlik en boos en hy het verkies om eerder onder te gaan as om in ongeregtigheid te bly voortbestaan. Louw het met sy konsep van liberale nasionalisme soos uiteengesit in sy boek **Liberale Nasionalisme** (1958) die inspirasie en stukrag van die verligte stryd in die NP geword in 'n poging om outoritêre Afrikanernasionalisme te temper.[8]

## 3. DIE ANDERSDENKENDES AS SKEPPPERS VAN DIE TUISLAND-BELEID

Binne die kring van andersdenkende Afrikaners het die teorie van radikale skeiding, d.w.s totale apartheid, vroeg reeds ontstaan. Die teorie het ten doel gehad om terselfdertyd negatiewe apartheid en ook die probleem van toenemende swart verstedeliking hok te slaan.[9] Die teorie is geformuleer deur akademici soos Nic Olivier, en professionele mense wat in die Federasie van Afrikaanse Kultuur-

---

6 Van Jaarsveld, p. 12; A du Toit, **Die sondes van die vaders** (Kaapstad, 1983), p. 14; Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein: **Persoonlike versameling 4 van EH Louw**, lêer 99: Prof. WH Van der Merwe – EH Louw, 7 Junie 1955; EH Louw – W van Heerden, 7 Junie 1955; EH Louw – W. van Heerden, Mei 1955; **The Argus**, 31 Mei 1955; **Cape Times**, 15 Mei 1955.

7 NP van Wyk Louw, **Versamelde prosa I**, pp. 460-3, soos aangehaal in H Giliomee, **The Afrikaners. Biography of a people** (Kaapstad, 2003), p. 473.

8 Du Toit, p. 59; Giliomee, pp. 427 en 473-4; Van Niekerk, p. 5; J Steyn, NP Van Wyk Louw, in JJ Human en T Cameron **et al**. (reds.)**, Hulle het ons eeu gevorm. Die invloedrykste Suid-Afrikaners van die twintigste eeu** (Kaapstad, 1999), pp. 87-91. P Louw, "Moderne liberale nasionalisme", <http://www.praag.org/opstelle4 htm>, s.a. Access: 2003-05-19, p. 7.

9 Teen 1948 was daar ongeveer twee miljoen swartes teenoor die 1,6 miljoen blankes in die stede gewees.

verenigings (FAK)[10], die Afrikaner Broederbond (AB)[11] en die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA)[12] saamgetrek was. Dié groep Afrikaners het geglo dat Suid-Afrika as 'n blanke land polities vernietig sou word indien daar toenemend ekonomiese afhanklikheid van swart arbeid sou wees. Hulle het geargumenteer dat gedeeltelike apartheid immoreel sou wees, aangesien dit mense wat toenemend in die ekonomie en die gemeenskap geïntegreerd sou raak, hulle politieke regte sou ontneem. Vir dié groep was vryheid 'n belangrike aspek van apartheid en hulle het aparte ontwikkeling as 'n manier vir swartes om uiteindelik hulle vryheid te kry, gesien. Hulle het geredeneer dat indien swartes hulle vryheid binne dieselfde strukture as die blankes moes verkry, dit die einde van blanke vryheid sou beteken, vanweë die groter getalle swartes. Die teorie het neergekom op die skepping van nasionale tuislande en dit het die basis van die Tomlinson-kommissie gevorm. Die kommissie is in 1949 deur dr. EG Jansen (Minister van Naturellesake, 1948-1950) aangestel om die sosio-ekonomiese ontwikkelingsmoontlikhede van reservate te ondersoek. Die kommissie het onder voorsitterskap van prof. FR Tomlinson gestaan en in sy ondersoek is hy grootliks deur SABRA-lede soos proff. Nic Olivier en Jan Sadie, beide akademici wat aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde was, bygestaan.[13]

In daardie stadium was daar ernstige spanning in die kabinet oor die rigting van die toekomstige politieke beleid. Malan het aparte groepsgebiede verkies en hy het ongemaklik gevoel oor SABRA se ondersteuning van selfregerende swart tuislande. Sowel die NP se politieke leierskap, as die georganiseerde Afrikanerbesighede en landbousektore het radikale skeiding teengestaan. Hulle wou 'n snelle ekonomiese groei bewerkstellig met 'n toenemende, maar gedifferensieerde, samewerking met swartes in die arbeidsmark, al sou dit 'n toename van swartes in blanke gebiede meebring. Die swartes sou deur middel van hulle politieke en industriële regte beheer word. Dié siening is geregverdig deur dit te vergelyk met lande soos Duitsland en Switserland, waar groot getalle immigrante-arbeiders van Turkye, Algerië en Joego-Slawië gewerk het. Die arbeiders het hulle burgerlike

---

10 Die FAK is in 1929 tydens 'n AB-konferensie te Bloemfontein gestig. Die doel van die organisasie was om Afrikaans te bevorder. Bykans alle Afrikaanse kultuurverenigings is by die FAK geaffilieer.

11 Die AB is in 1918 gestig om Afrikanerbelange t.o.v taal, tradisie en godsdiens te bevorder. Dit het in 1921 'n geheime organisasie geword met die allesoorheersende doel om Afrikanernasionalisme te bevorder. Lede is met sorg gewerf en was almal ondersteuners van die NP. Lede was verteenwoordigend van predikante van die NG-kerk, opleidingsinstansies op alle terreine, openbare dienste, die gewapende magte en die polisie. Die AB het uit 'n netwerk van selle bestaan wat dwarsdeur die land gekoppel was aan die NP en die politieke, ekonomiese en sosiale sektore beheer het.

12 SABRA het in 1948 onder die beskerming van Stellenbosch se akademici ontstaan met die doel om 'n intensiewe studie van die rassesituasie in Suid-Afrika te maak.

13 Giliomee, pp. 400-1, 483 en 515; GHL le May, **The Afrikaners. An historical interpretation (**Massachusetts, 1995**)**, pp. 175-6.

regte in hulle land van oorsprong behou en nie burgerlike regte bekom waar hulle as immigrante gewerk het nie. Die verskillende state kon op dié manier hulle soewereiniteit behou, terwyl hulle ekonomies interafhanklik geword het. Verwoerd (as Minister van Naturellesake, 1950-1958) het laasgenoemde opvattings verwerp deur te verklaar dat ekonomiese oorwegings nie die belangrikste was nie. Hy wou wetgewing instel om eerder swartes te verhoed om in groot getalle "blanke" stedelike gebiede, veral die Johannesburg-gebied, binne te gaan.[14]

Verwoerd het ook 'n teësin in SABRA en die Tomlinson-kommissie ontwikkel weens hulle siening van radikale skeiding. Verwoerd was gegrief deur die Tomlinson-kommissie, omdat hy gevoel het dat hulle op sy ministeriële terrein oortree het en dat hy en sy beamptes se kennis oor die probleme in die reservate voldoende was om besluite te neem. Vir hom was die aanstelling van die kommissie onnodig en hy het dit as sy voorganger, dr. EG Jansen, se kommissie beskou. Dié kommissie het sy bevindinge finaal in 1956 ter tafel gelê. Die bevindinge is hoofsaaklik op demografiese vooruitskattings wat die bevolkingsgroei en toename van die swart bevolkingsgetalle in stede benadruk het, gebaseer. Die kommissielede het die swartes se grondeise, op grond daarvan dat hulle voor die blankes in Suid-Afrika was, verwerp. Volgens hulle was die swartes, net soos die blankes, immigrante. Die swartes het vanuit die noorde van Afrika en die blankes vanuit Europa hierheen geëmigreer. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat die swartes geen reg op die blanke gebiede gehad het nie. Die kommissie het sewe etniese swart groepe onderskei en het daarom 'n tuisland vir elke groep bepleit. Om apartheid moreel te regverdig, moes die tuislande sosiaal-ekonomies welvarend en ontwikkeld wees om immigrasie na blanke stede te voorkom. Dit sou vereis dat die regering £104 miljoen oor tien jaar moes bestee om die tuislande te ontwikkel en ekonomies onafhanklik te maak. Verwoerd was in daardie stadium, in die lig daarvan dat die pos van Eerste Minister moontlik weens premier JG Strijdom se swak gesondheid vakant kon word, versigtig om in sy reaksie op die kommissieverslag nie die andersdenkendes te vervreem nie. Hy het, met sy intellektuele skerpheid, daarin geslaag om die Tomlinson-kommissieverslag se aanbevelings op so 'n manier aan te pas dat dit die andersdenkende Afrikaners se steun gewen het.[15]

Verwoerd het die ekonomiese aanbevelings van die kommissie vir die ontwikkeling van die tuislande geïgnoreer, maar terselfdertyd die politieke voorstelle en ideolo-

---

14 D Welsh, "The executive and the African population: 1948 to the present", in R Schrire (red.), **Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk** (Kaapstad, 1994), p. 156.

15 Giliomee, pp. 516 en 518; BJ Liebenberg en SB Spies (reds.), **South Africa in the 20th century** (Pretoria, 1993), pp. 351-3; A Wessels en ME Wentzel, "Die invloed van relevante kommissieverslae sedert uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streekontwikkeling", **Verslag RGN.-T1** (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1989), p. 130.

giese argumente as basis gebruik om sy eie tuislandbeleid te ontwikkel. Dié beleid het binne 'n jaar nadat hy in September 1958 Eerste Minister geword het, sy beslag in die **Wet ter Bevordering van Bantoe Selfbestuur** (Wet no. 46 van 1959) gekry. Dié wet het vir die ontwikkeling en selfregering van agt (later tien) verskillende swart etniese groepe voorsiening gemaak. Vir die andersdenkendes was die groeiende swart verstedeliking 'n bron van kommer en daarom het Verwoerd die demografie as oplossing vir dié probleem benadruk om hulle steun vir sy tuislandbeleid te versterk. Met sy uitspraak dat "wanneer die witman volle beheer oor sy gebiede sou kry, die swartman met verloop van tyd ook volle beheer oor sy eie gebiede sou kry"[16], het hy die indruk geskep dat hy SABRA en dus die andersdenkendes se siening van onafhanklike tuislande ondersteun het.[17]

Verwoerd het die morele besware van die andersdenkendes besweer deur die beginsel van "aparte nasies en aparte vryhede" voor te hou. Die tuislandbeleid is geregverdig deur te verkondig dat geen beperking op swart selfregering in tuislande geplaas sou word nie. Verwoerd het die andersdenkende Afrikaners oortuig dat daar aan die swart bevolking se reg op selfbeskikking en onafhanklikheid deur die tuislandbeleid erkenning gegee sou word. Dit het volgens hom aan die eise van swart nasionalisme voldoen wat in daardie stadium in die Afrikakontinent al hoe belangriker geword het. Die andersdenkendes het die tuislandbeleid as 'n "nuwe visie" omskryf, tot ergernis van Verwoerd wat nie die indruk van afwyking van die NP se beginsels wou skep nie. Vir die andersdenkendes het die tuislandbeleid "blanke baasskap" met "afsonderlike ontwikkeling" vervang. Dit het volgens die groep aan apartheid 'n positiewer beeld verleen wat vir hulle 'n aanduiding van 'n wegbeweeg van die NP-beleid se kru rassisme en diskriminasie was. Inderwaarheid het Verwoerd met vernuf daarin geslaag om die tradisionele Afrikanerstandpunt van apartheid, gebaseer op blanke oorheersing, met die nuwe visie te verbloem. Die tradisionele standpunt dat die grootste gedeelte van Suid-Afrika in Afrikanerbeheer sou bly, is bevestig, maar terselfdertyd sou aan ander rassegroepe oorlewing en volle ontwikkeling op sosiale, politieke en ekonomiese gebied gegun word. In werklikheid het Verwoerd eers in 1965, nadat nasionale en internasionale druk op hom uitgeoefen is, tot die moontlikheid van onafhanklike tuislande ingewillig.[18]

Met die instelling van die tuislandbeleid het die term "grand apartheid", ook bekend as "groot apartheid", sy beslag gekry. Waar "klein apartheid" maatreëls was om swart en blank op alle samelewingsterreine apart te hou, sou "groot apartheid" 'n blanke meerderheid in Suid-Afrika verseker. Die tuislandbeleid, m.a.w "groot apartheid", het dus die heelhartige steun van die andersdenkendes gehad, omdat

16 AN Pelzer (red.), **Verwoerd aan die woord** (Johannesburg, 1963), p. 241.
17 Giliomee, pp. 517-8.
18 **Ibid**.; Mouton, p. 154; Liebenberg en Spies (eds), pp. 355-8.

hulle bedenkinge gekoester het oor die vroeë geloof dat "klein apartheid" die redding van die Afrikanerdom moes bewerkstellig. Die tuislandbeleid was vir dié groep Afrikaners 'n vervulling van dit wat hulle in die vyftigerjare van die twintigste eeu volhardend verkondig het, naamlik dat geen etniese groep 'n ander groep permanent mag oorheers nie. Die opvatting is gegrond op hulle eie stamvaders se vryheidstryd vroeër jare teen Britse imperialisme. Hulle het nasionale vryheid op etniese basis as 'n heilige reg beskou. Die andersdenkendes was verheug dat dié opvattings tot landsbeleid verhef is. Hulle het die tuislandbeleid as oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk aangegryp. Die hoop van die andersdenkendes dat "groot apartheid" geleidelik tot die verdwyning van diskriminerende regulasies sou lei, is egter beskaam. In werklikheid het die Verwoerd-bewind toenemend kleinlike regulasies ingestel, met die doel om elke aspek van die anderskleuriges se lewens te beheer. Verwoerd het gevolglik nie vir lank die steun van die andersdenkendes behou nie.[19]

## 4. TEN SPYTE VAN VERGROTE STEUN WORD ANDERSDENKENDES TOENEMEND 'N STEEN DES AANSTOOTS

Na aanleiding van die Britse premier, Harold Macmillan, se "Winde van verandering"-toespraak, Afrikanasionalisme en die Sharpeville-onluste, is die andersdenkende Afrikaners se denke na links gestimuleer wat hulle op 'n ander manier as Verwoerd na verwikkelinge in die swart politiek laat kyk het. Dit was vir hulle noodsaaklik dat die Afrikaners tot 'n vergelyk moes kom met die kragte wat op die Afrikakontinent aan die werk was.[20]

Die Harold Macmillan-toespraak (3 Februarie 1960) het die andersdenkendes laat besef dat Suid-Afrika met die res van die wêreld uit pas was. Macmillan het die beleid van apartheid verwerp en gesuggereer dat Suid-Afrika nog nie die realiteite van die "winde van veranderinge", wat besig was om oor Afrika en die wêreld te waai, besef het nie. Hiermee het hy verwys na die opkoms van Afrikanasionalisme op die Afrikakontinent wat die totstandkoming van onafhanklike Afrikastate tot gevolg gehad het. Die ineenstorting van blanke koloniale magte wat oral in Afrika sigbaar was en tot geweld in die Belgiese Kongo (1960) gelei en die ineenstorting van die Federasie van Noord- en Suid -Rhodesië (1960) en Njassaland (1962) tot gevolg gehad het, het die andersdenkendes laat besef dat die ontwaking van swart nasionalisme in Afrika 'n ernstige saak was. Hulle het dit as 'n onstuitbare golf beskou. Pienaar het gewaarsku dat geen gewapende magte alleen sou keer dat swart nasionalisme ook in Suid-Afrika sou seëvier nie.[21]

19 **Ibid**., pp. 102-3; Welsh, p. 156; Pienaar, p. 38.
20 Du Bruÿn, p. 21.
21 Pienaar, pp. 35, 36 en 38.

Die andersdenkendes se voorspellings is toenemend bewaarheid en Afrika-nasionalisme het die swartes van Suid-Afrika beïnvloed en 'n realiteit met die uitbreek van die Sharpeville-onluste[22] op 21 Maart 1960 geword. Die onluste het die andersdenkendes laat besef dat aanpassings alleen binne 'n stabiele Suid-Afrika sou kon plaasvind; daarom het die veiligheid van die staat voorrang geniet. Hulle het besef dat apartheid nie in sy destydse vorm kon voortgaan nie. Dit was duidelik dat die swart meerderheid nie meer teen sy sin geregeer kon word nie en vrae het ontstaan oor hoe die samewerking van veral stedelike swartes verkry kon word. Die internasionale protes wat oor die Sharpeville-onluste losgebars het, het die andersdenkendes tot groot kommer gestem, nie net vanweë die verswakte internasionale beeld van Suid-Afrika nie, maar ook die nasionale gevolge wat dit ingehou het. Die ekonomiese gevolge was dadelik sigbaar in die daling van die aandelemark, wat groot kapitale uitvloei tot gevolg gehad het. Hierdie gebeure het daartoe bygedra dat die andersdenkendes 'n versterking in eie geledere beleef het, deurdat ook politici en ekonome hulle mening begin deel het en nie meer slegs die intelligentsia nie. Die andersdenkendes het hulle protes, na aanleidiging van dié gebeurtenisse, verwoord in voorstelle aan Verwoerd om apartheid te omvorm.[23]

Vanuit die politieke arena het selfs NP-leiers in die kabinet - PO Sauer, TE Dönges en BJ Schoeman - hulle by die andersdenkendes se geledere gevoeg. Hulle was voorheen van die hooffigure wat by die vorming en grondlegging van die apartheidsbeleid betrokke was. Sauer, Minister van Bosbou en Openbare werke (1958-1964), was die voorsitter van die Sauer-kommissie (1947) wat die basis vir die apartheidsbeleid se rassewetgewing gelê het. Dönges, die senior NP-leier in die Kaap, was as Minister van Binnelandse Sake (1948-1958) en later van Finansies (1958-1961)[24] verantwoordelik vir die indiening van sekere hoeksteenwette van apartheid, soos die **Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike**, die **Ontugwysigingswet**, die **Bevolkingsregistrasiewet** en die **Groepsgebiedewet**. BJ Schoeman, Minister van Arbeid (1948-1954) en later van Vervoer (1954-1974), was betrokke by die deurvoer van die diskriminerende **Wet op Naturellearbeid** (Wet no. 48 van 1953). Schoeman het hewige geskille met Verwoerd gehad: in 1955 toe Verwoerd die indiensneming van swartes op die spoorweg wou verhoed; in 1956 toe Verwoerd die kabinet wou oorhaal om totale gebiedskeiding te aanvaar, al was dit onprakties; en in 1957 toe Verwoerd sonder meer wetgewing uitgevaardig het om swartes te verbied om kerke buite hulle gebiede by te woon.[25]

---

22 Die Sharpeville-onluste het o.l.v. die PAC uit protes teen die paswetstelsel uitgebreek en tot landswye stakings uitgekring.

23 Du Bruÿn, p. 86; JC Steyn, **Penvegter. Piet Cillié van Die Burger** (Kaapstad, 2002), pp. 128-34.

24 Republiek van Suid-Afrika, **Parlementêre register 1910-1981**, p. 6.

25 Giliomee, pp. 522 en 523; Welsh, pp. 149-50 en 159-60.

Dié politici het verreikende veranderinge geëis en aanbeveel dat ernstige aandag gegee moes word aan die aftakeling van die paswetstelsel. Schoeman het dit as 'n noodsaaklikheid beskou dat daar 'n verteenwoordigende liggaam van swart leiers moes wees om swartes se belange by die regering te verteenwoordig.[26] Verwoerd het die eise vererg en geïrriteerd van die hand gewys. Die land het in daardie stadium in 'n amptelike noodtoestand verkeer weens landswye swart onluste wat tot spanning in die politiek aanleiding gegee het. Die andersdenkendes was verontrus deur die regering se optrede om onluste onder beheer te bring deur swartes se aanhouding sonder verhoor en die verbanning van die Pan-Africanist Congress (PAC) en African National Congress (ANC) op 8 April 1960. Vir hulle was dié optrede 'n verontagsaming van burgelike vryhede. Op 9 April 1960 is 'n sluipmoordaanslag op Verwoerd se lewe gemaak. Sauer het as Eerste Minister waargeneem, terwyl Verwoerd in die hospitaal aangesterk het. Gedurende dié tydperk het Sauer, tydens 'n openbare vergadering op 19 April 1960 in sy kiesafdeling te Humansdorp, verklaar dat Sharpeville as 'n insident wat die ou boek oor Suid-Afrika se geskiedenis afgesluit het, beskou moes word. Hy het op 'n nuwe benadering ten opsigte van rasseverhoudinge aangedring. Hy het aangedui dat daar samewerking tussen blankes en vreedsame stedelike swartes moes wees. Volgens hom moes daar aan sake soos hoër lone vir swartes, die wysiging van die **Drankwet** (Wet no. 30 van 1928), en 'n dinamiese ontwikkeling van die swart tuislande aandag gegee word. **Die Burger** het Sauer se versoeningsbenadering gesteun en 'n moontlike politieke herskikking voorgestel wat die behoeftes en aspirasies van stedelike swartes moes beliggaam. Verwoerd het na sy ontslag uit die hospitaal Sauer geroskam en in 'n toespraak in die parlement op 20 Mei 1960 verklaar dat daar geen politieke verandering sou plaasvind nie. Sauer het homself nog verder ongewild gemaak toe hy, later in dieselfde jaar, op die vinnige ontwikkeling van die swart tuislande met behulp van buitelandse kapitaal en deskundiges aangedring het. Verwoerd het hom verkwalik vir die ondergrawing van die amptelike beleid, nl. dat blanke private inisiatief nie vir tuislandontwikkeling gebruik moes word nie. Sy mening was dat dit tot nadeel van die swart ondernemer sou wees, omdat hy nie finansieel met die blankes sou kon meeding nie. Verwoerd wou ekonomiese integrasie of vennootskap wat noodwendig tot politieke integrasie of vennootskap kon lei, verhoed.[27]

Vanuit die ekonomiese sfeer het Anton Rupert, 'n welgestelde Afrikanerentrepeneur van die Rembrandt-groep, aan Verwoerd voorgestel dat dit die beste waarborg vir stabiliteit sou wees om eiendomsreg aan verstedelikte swartes toe te staan wat hulle in staat te sou stel om huise teen lae koste te koop. Verwoerd het die voorstel

26 B Schoeman, **My lewe in die politiek** (Johannesburg, 1978), p. 263.
27 CJ Beyers **et al**. (reds.), **Dictionary of South African biography V** (Pretoria, 1987), pp. 205 en 678; Giliomee, pp. 522-3; Welsh, pp. 159-60.

verwerp, omdat dit die swartes sou laat glo dat hulle permanente eiendom in 'n blanke stedelike gebied sou kon besit. Verskeie besigheidsorganisasies, soos die Verenigde Kamers van Koophandel, die Gefedereerde Kamer van Nywerhede, die Suid-Afrikaanse Federasie van Staal- en Ingenieursbedrywe, die Transvaal en Oranje-Vrystaat se afdelings van die Kamers van Mynwese, en die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI)[28], het 'n gesamentlike verklaring op 12 Mei 1960 aan Verwoerd gerig. Hulle het aangedring op die hervorming van paswette en instromingsbeheer om sodoende wrywing tussen die polisie en swartes te verminder. Dié besigheidsorganisasies het die afskaffing van die aandklokreël en wysigings van die drankwet geëis. Hulle het ook die beëindiging van onnodige inmenging in swart gesinne se lewens versoek. Verwoerd het die versoeke verwerp en die besigheidsorganisasies as verraaiers veroordeel wat volgens hom meer in profyt as in blanke oorlewing belanggestel het.[29]

Vanuit intellektuele kringe het LJ du Plessis in 'n brief aan Verwoerd 'n "intensiewe modernisering" en "beplande demokrasie" van tuislande voorgestel, asook "volle republikeinse burgerskap" vir die swartes wat nie in tuislande gehuisves kon word nie. Verwoerd en Du Plessis het nie langs dieselfde vuur gesit nie vanweë hulle geskille oor die NP-rassebeleid. Dit was onbekend of Verwoerd op die brief gereageer het. Du Plessis se frustrasie met Verwoerd het 'n hoogtepunt bereik en hy het daarom in 1960 uit die NP bedank en by die Progressiewe Party aangesluit, met 'n waarskuwing teen die "doodse gevaar van Verwoerdisme".[30]

Die Harold Macmillan-toespraak, die Sharpeville-onluste en die geweld in die Belgiese Kongo het aan die joernaliste Cillié en Pienaar 'n geleentheid gebied om die negatiewe aspekte van apartheid aan die lig te bring. Hulle het met versigtige bewoording in die "Dawie-kolom" van **Die Burger** 'n veldtog teen "klein apartheid" geloods, omdat dit elke aspek van die swartes se lewe gereguleer het. Volgens hulle het "klein apartheid" aparte vryhede in "groot apartheid" ondermyn. Cillié het Sharpeville as 'n waterskeiding in die politiek beskou en het verklaar dat die toekoms van Suid-Afrika sou afhang van die wyse waarop die probleem van verstedelikte swartes kort na die gebeure opgelos sou word. Die redakteurs het ook in die media verkondig dat die woord apartheid weens negatiewe konnotasies nasionaal en internasionaal misluk het, en het as alternatief die term "aparte vryheid" vir die beleid teenoor swartes voorgestel. Hulle het verklaar dat die buitelandse klimaat van afkeer van Suid-Afrika alleen verbeter kon word deur positiewe beleidsdade en het gewaarsku dat indien dit nie omgekeer sou word nie, Suid-Afrika die permanente status van "die wêreld se muishond" sou kry. Cillié het

28 Die AHI is in 1939 gestig om Afrikanerbesigheidsrade landswyd te vestig.
29 Giliomee, pp. 439 en 522.
30 **Ibid**., p. 523.

Verwoerd, in 'n private onderhoud op 7 April 1960, aangemoedig om met die swartes te praat om sodoende verbeterde verhoudinge tussen blankes en swartes te bewerkstellig.[31]

Die Harold Macmillan-toespraak, Afrikanasionalisme en die Sharpeville-onluste het die andersdenkendes nog meer daarvan oortuig dat regstreekse oorheersing oor ander groepe nie aanvaarbaar is nie. Hulle het besef dat die tyd vir diskriminasie op grond van kleur onherroeplik verby was en dat die swartes nie net alleen gelyk nie, maar ook vry van blanke oorheersing wou wees. Dit het daartoe bygedra dat die groep andersdenkendes die tuislandbeleid, wat volgens hulle vryheid aan swartes verleen het, sterker gepropageer het. Hulle het dit as 'n gemeenskaplike beleid beskou wat beide swartes en blankes sou kon akkommodeer, omdat onafhanklike swartes en onafhanklike blankes in Suid-Afrika, hoewel polities apart, tog vreedsaam en samewerkend kon bestaan. Volgens hulle was die Afrikaners in daardie stadium die verdrukkers en kolonialiste gewees en het hulle daarom druk op Verwoerd om die onafhanklikheidsproses van tuislande te versnel, uitgeoefen.[32]

Na die Sharpeville-onluste het daar opnuut weer onder die NP-lede 'n geskil oor die politieke posisie van die kleurlinge ontstaan. Die Afrikanernasionaliste het hulle waardering uitgespreek vir die kleurlinge, omdat hulle nie aan die Sharpeville-onluste deelgeneem het nie. SABRA was in daardie stadium die enigste nasionalistiese beweging waarin die verligte Afrikaners menings oor apartheid kon uitspreek. SABRA het 'n komitee onder voorsitterskap van SP Cilliers, van die Sosiologie Departement aan die Universiteit van Stellenbosch, benoem om die posisie van die kleurlinge te ondersoek. Die komitee het bevind dat die kleurlinge tot die blanke gemeenskap behoort en verteenwoordiging in die parlement moes kry. Sterk steun vir dié siening het in die Kaap onder die andersdenkendes en sommige stoere nasionaliste posgevat. Verwoerd het in 'n verklaring, op 24 November 1960, die gedagte van kleurlingverteenwoordiging in die parlement verdoem as 'n stap na volkome en uiteindelik biologiese integrasie. Die kleurlingkwessie het 'n hewige debat onder die nasionaliste ontketen. Baie nasionaliste was ten gunste van kleurlingverteenwoordiging in die parlement en het hulle ongelukkigheid en teleurstelling met Verwoerd se verklaring te kenne gegee.[33]

Verwoerd het besluit om die AB in 'n instrument te omskep om die kleurlingkwessie in sy guns te besleg en terselfdertyd die linkse invloed van SABRA te vernietig. Die AB het in daardie stadium 6 000 lede gehad wat in 400 takke verdeel

31 Mouton, pp. 154-5; Steyn, p. 134; L Pretorius, "The head of government and organised business", in R Schrire (red.), **Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk**, p. 216.
32 Pienaar, p. 38.
33 Steyn, pp. 143-59.

was. Verwoerd het die steun van die nuutgekose voorsitter, Piet Meyer (1960-1972), geniet. Met Meyer as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Uitsaai-korporasie (1959-1972) is die radio gebruik om die nasionale regering te ondersteun. Die AB het tot op daardie stadium geen noemenswaardige rol in die besluitneming van die NP-regering gespeel nie. Die rede hiervoor was dat die organisasie vroeër verswak is weens verdeeldheid onder die lede oor deelname aan die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945). Die AB se aansien is ook aangetas deur sy onvermoë om 'n apartheidsplan in die veertigerjare op te lewer. Gedurende die vroeë vyftigerjare was die AB rigtingloos en doelloos en daarom het Strijdom die AB in 1954 versoek om uit die politiek te bly. Ná 1960 sou die AB egter 'n belangriker rol in die NP vervul. Met die jaarlikse byeenkoms van SABRA in September 1961, waartydens die kleurlingvraagstuk bespreek sou word, het die AB verseker dat deelnemers hulle ten gunste van Verwoerd se siening sou uitspreek. Dit was ook dié lede wat tydens die kongres tot Uitvoerende Raadslede van SABRA verkies is. Andersdenkendes, soos Nic Olivier, wat ook lid van die AB was en die skakel tussen SABRA en die AB in die verlede gevorm het, is vervang. Dit het tot Olivier se bedanking uit die NP gelei. SABRA het oornag 'n ondersteuner van Verwoerd se onbuigsame benadering tot apartheid geword. Die AB het SABRA finansieel befonds, wat dus die kaping van die organisasie moontlik gemaak het. Die AB het die funksies van SABRA oorgeneem deur 14 taakgroepe, wat later tot 19 uitgebrei is, vir die regering aan te wys. Die taakgroepe het bestaan uit politieke leiers, burgerlikes en akademici wat die politieke, ekonomiese en sosiale terreine gedek het. Die AB was dus 'n kanaal waardeur die regering mag en invloed op alle terreine uitgeoefen het. Dié organisasie het verstaan dat die regering nie wou hê dat die AB beleid moes vorm nie, maar eerder moes poog om ondersteuning vir die regering se beleid te wen.[34]

Die andersdenkende Afrikanerintellektueles het van toe af hulle beskouinge binne die nasionalistiese *establishment* geartikuleer en nog belangriker, dit op so 'n wyse gedoen dat hulle bande met die binnekring nie verbreek is nie.[35]

Verwoerd het met sy onversetlikheid, vasbeslotenheid en buitengewone intellektuele vermoëns daarin geslaag om apartheid te verstewig. Dit het sy teenstanders binne die party se pogings tot pragmatiese aanpassings en vrystellings gefnuik. Sy beleid was gekoppel aan onbuigsame kragdadigheid en konsekwentheid wat teenkanting binne die NP onverbiddelik uitgeroei het. Verwoerd het teenstand binne sy eie geledere as vyandskap beskou. Soos Verwoerd se mag gegroei het, was hy al

34 Giliomee, pp. 525 en 529; Mouton, p. 155; H Giliomee, "The leader and the citizenry", in R Schrire (red.), **Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk**, p. 106; Pienaar, pp. 50-60.

35 Du Toit, p. 16.

hoe minder ontvanklik om voorstelle rakende veranderinge in die apartheidsbeleid te aanvaar. Hy het homself as die Afrikaners se leier beskou en die alleen-arbiter in alle besluite aangaande die Afrikanervolk. Verwoerd het met sy sterk persoonlikheid die kabinet totaal oorheers. Wat baie belangrik was, was dat hy daarin geslaag het om Afrikanerhegemonie te bewerkstellig. Dit blyk duidelik uit die algemene verkiesing van 1966 waartydens die NP 'n oorwinning van 126 setels uit die 170 in die parlement en 58 persent van die stemme behaal het. Die redes hiervoor was dat hy die Afrikanernasionaliste se republikeinse ideaal verwesenlik het. Hierdeur is die Afrikaners se oorheersende posisie in Suid-Afrika gevestig. Die Afrikaners is gesus met die gedagte dat die NP-regering die swart politieke opstande in die kiem gesmoor het. Dit het ook in sy guns getel dat Suid-Afrika, ten spyte van die daling in die aandelebeurs en groot kapitale uitvloei na die Sharpeville-onluste, 'n ekonomiese opbloei met 'n groeikoers van 6% en 'n inflasiekoers van 2% beleef het. Tussen 1961-1966 het die Bruto Nasionale Produk boonop met 30% gestyg.[36]

Verwoerd het die invloed van die andersdenkende Afrikanerintellektueles met die AB se vergrote invloed op SABRA gestriem. Dit het nie verhoed dat die saad van ontevredenheid teenoor die apartheidsideologie, wat in Verwoerd se tydperk gesaai is, tydens die Vorster-era (1966-1978) tot ontkieming gekom het nie.[37] Selfs nie Verwoerd se onaantasbare regeringstyl van agt jaar kon daarin slaag om die verandering in ideologiese denke van die andersdenkendes te vernietig nie. Die ideologiese verskille wat gedurende Verwoerd se regeringstydperk tussen die behoudende elemente en die andersdenkendes wortel geskiet het, is tydens die Vorster-era voortgesit. Dit het in die vorm van die "verlig-verkrampstryd" die politieke toneel gedurende die laat sestigerjare oorheers. Die terme "verlig" en "verkramp" het op 6 Oktober 1966 tydens 'n SABRA-jeugkongres politieke beslag gekry toe Willem de Klerk, destyds van die Universiteit van Potchefstroom, na die opkoms van die verskillende groepe Afrikaners in die NP verwys het. Hy het die verkramptes beskryf as Afrikaners wat in die verlede vasgesteek en alle verandering as vyandig beskou het. Die verligtes is as oppervlakkige radikales beskou wat liberalistiese tendense onder Afrikaners gepropageer het. Die derde groep is as positiewe Afrikaners getipeer wat getrou aan hulle tradisies was en nog steeds by verandering aangepas het. Die media het net op die eerste twee groepe gekonsentreer sodat die laaste term verdwyn het en die positiewe groep Afrikaners ook as die verligtes bekend geword het.[38] Anders as die andersdenkendes, wat

36 **Ibid**., p. 15; Giliomee en Schlemmer, pp. 54-5; A Sparks, **The mind of South Africa** (Londen, 1990), p. 192; H Pienaar, "Hendrik Verwoerd", in JJ Human en T Cameron **et al**. (reds.), **Hulle het ons eeu gevorm. Die invloedrykste Suid- Afrikaners van die twintigste eeu**, pp. 22-6.

37 Welsh, pp. 94 en 167.

38 H Kenney, **Power, pride and prejudice** (Kaapstad, 1991), p. 208; JA du Pisani, "BJ Vorster en Afrikanerverdeeldheid, 1966-1970: 'n oorsig en evaluering van die verlig-verkrampstryd", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis 11(2)**, Augustus 1986, p. 2.

hoofsaaklik as intellektueles invloed uitgeoefen het, was dit belangrik dat die verligtes nou ook as politici hulle invloed regstreeks in die kabinet en op politieke gebied laat geld het.

## 5. SLOTOPMERKINGS

Die andersdenkende Afrikanernasionaliste wat sedert 1949 in die NP hulle ontevredenheid met apartheid te kenne gegee het, het die bal vir die verligte politiek wat sou volg, aan die rol gesit. Die andersdenkendes het reeds veranderde politieke denke verkondig wat die grondslag vir die verligtes gevorm het. Die verligtes het die hervorming van die apartheidsideologie voorgestaan wat groter kontak oor taal-, lands- en kleurgrense heen sou bewerkstellig. Dié groep Afrikaners het hulle tot veelvolkige ontwikkeling verbind. Hulle het kritiese menings uitgespreek oor sake soos "klein apartheid", taalhandhawing en die posisie van die kleurlinge en stedelike swartes. Afrikaneroorheersing is as belangrik beskou. Die verligtes het hulleself nie net as Afrikaners beskou nie, maar ook as deel van die blanke groep en daarom het hulle aanvaar dat die staat stadig maar seker veelrassig sou word wat ook Engelssprekendes en later ook anderskleuriges sou kon insluit.[39]

Die invloed van die verligte beweging op die verloop van die Suid-Afrikaanse politiek was dinamies en dramaties. Aanvanklik het eers die andersdenkendes en sedert 1966 die verligtes in die NP die Afrikaners geleidelik ryp gemaak vir hervormings en was hulle hoofsaaklik die wegbereiders vir die wegbeweeg van apartheid na samewerking en saambestaan.[40] Teen die laat tagtigerjare van die twintigste eeu het hulle rol verander tot dié van primêre dryfkrag en besluitnemers van die nuwe politieke rigting. Die medeverantwoordelikheid van alle groepe is met die 1983-grondwet gepropageer. Om die proses moontlik te maak, het die verligtes die konsepte bevorder en die NP-regering beweeg tot medebesluitneming, medeseggenskap, magsdeling, en 'n demokratiese Suid-Afrika wat die meerderheidsbeginsel sou erken.[41]

39 Giliomee, p. 549.
40 W de Klerk, **F.W. de Klerk. Die man en sy tyd** (Kaapstad, 1991), p. 118.
41 **Ibid**., p. 131.